


Matric Exam Revisions For The Class Of 2020

AFRIKAANS HOME LANGUAGE P3

(2017, 2018, 2019)


QUESTION PAPERS AND MEMOS



AFRIKAANS HOME LANGUAGE P3

2017

QUESTION PAPER





basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

NOVEMBER 2017

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Opstel (50)
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkartaal/diagram/vloeydiagram/kernwoorde, ens.), redigeer en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

AFDELING A: ongeveer 80 minute
AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

- 1.1 Dit was sterk skemer ... [50]
- 1.2 ***Die anker(s) in my lewe*** [50]
- 1.3 **Weg met byname ... of nie?** [50]
- 1.4 Wanneer stiltes praat [50]
- 1.5 Mars, my (ons) nuwe woning(?) [50]
- 1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skep jou eie titel. Skryf die nommer en jou eie titel neer.


1.6.1



[Bron: <http://i1.wp.com/maroelamedia.co.za/>]

[50]

1.6.2



[Bron: <https://za.pinterest.com/explore/street-art/>]

[50]

1.6.3



[Bron: <http://www.freepik.com/free-vector/>]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180–200 woorde oor elk. Skryf die nommers neer.

2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Daar heers onmin in jou huis: jou ouers weier volstrek dat jy gedurende die Desembervakansie saam met jou vriende wegbreek.

Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan jou ouers waarin jy probeer om hulle te oortuig om jou toe te laat om saam met jou vriende weg te breek.

[25]**2.2 FORMELE BRIEF: VERSOEK**

Die plaaslike skool het 'n tekort aan boeke vir die biblioteek/mediasentrum.

Rig 'n VERSOEK aan die voorsitter van die Gemeenskapsforum in jou omgewing waarin jy hom/haar vra om boeke vir die biblioteek/mediasentrum te skenk en so 'n verskil in die leerders se lewens te maak.

[25]**2.3 HULDEBLYK**

Aan die einde van jou skoolloopbaan wil jy graag by 'n geleentheid hulde bring aan 'n weldoener in die gemeenskap wat jou ondersteun het.

Skryf die HULDEBLYK.

[25]**2.4 FORMELE VERSLAG**

Jy moet aan die skoolhoof verslag lewer oor die geslaagdheid van 'n musiekkonsert wat by julle skool aangebied is.

Skryf die FORMELE VERSLAG.

[25]**2.5 KOERANTARTIKEL**

Skryf 'n KOERANTARTIKEL met die opskrif:

Besin eer jy begin: "stuur" maak die lewe suur!
--

Die doel met die artikel is om leerders van die gevare van sosiale media bewus te maak.

[25]


2.6 ONDERHOUD

Jy het die geleentheid om 'n onderhoud met die Minister van Basiese Onderwys te voer oor die uitdagings wat 'n matriekjaar vir die matrikulant inhou.

Skryf die ONDERHOUD na afloop van die gesprek neer.

[25]


TOTAAL AFDELING B:	50
GROOTTOTAAL:	100



AFRIKAANS HOME LANGUAGE P3

2017

MEMO





basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

NOVEMBER 2017

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 100

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.

ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE

AFDELING A: OPSTEL

AFDELING A word volgens die rubriek uit 50 geassesseer. Die kandidaat mag slegs oor EEN onderwerp of prikkel skryf. Hy/sy mag enige soort opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

NASIENRIGLYNE

Dui aan die einde van die opstel die punte soos volg aan:

Voorbeeld:

Inhoud:	I = Kh = 22
Taal, styl en redigering:	T = Kl = 10
Struktuur:	S = K = 4
Skryf dan die totaal van die opstel aan die regterkant (onder die opstel).	36

Dra die punt uit 50 oor na die BEGIN van die opstel (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL

- **Inleiding:** Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekendgestel word. Dit behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.
- **Liggaam:** Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.
- **Slot:** Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van 'n verhalende, beskrywende en bespiegelende opstel vat die slot die opstel saam, terwyl 'n argumenterende en beredeneerde opstel se slot die skrywer se finale standpunt/mening weerspieël.

VRAAG 1**RIGLYNE**

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande memorandum) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, soos **byvoorbeeld**:

- 1.1 **Dit was sterk skemer ...**
Hierdie onderwerp kan lei tot verskeie interpretasies wat onder andere **verhalend**, **bespiegelend** of **beskrywend** kan wees. 'n **Verhaal** sal op hierdie onderwerp as tema fokus. Die onderwerp kan ook tot 'n spannende verhaal lei. By 'n **bespiegelende** interpretasie kan die leerder die figuurlike skemerte in die mens se lewe bespreek. Indien die kandidaat skryf oor die beleving van die skemerte, kan dit as 'n **beskrywende** opstel aanvaar word. [50]
- 1.2 **Die anker(s) in my lewe**
Die kandidaat kan die ankers wat hy/sy kosbaar ag, **beskryf**. As **verhaal** kan die kandidaat skryf oor hoe 'n anker/verskillende ankers 'n verskil in sy/haar lewe/besluit gemaak het. Die kandidaat kan 'n **bespiegelende** opstel skryf waarin die emosies en sinsbeleving van die mens t.o.v. bepaalde ankers besin word. Daar kan ook **geargumenteer** word of dit steeds vir die deursneemens belangrik is om ankers te hê; argumente kan aangevoer word oor watter ankers die belangrikste is. [50]
- 1.3 **Weg met byname ... of nie?**
Hierdie onderwerp leen hom tot die skryf van 'n **argumenterende** of **beredeneerde** opstel waar die kandidaat hom/haar uitspreek of dit sy of haar reg of voorreg is om ander persone byname te noem of om deur ander op 'n bynaam genoem te word. In 'n **verhalende** opstel sal die kandidaat die gebeure wat gelei het tot die verkryging van 'n bynaam kan aanbied. Die emosies rondom die dra of invloed van byname kan ook in 'n **bespiegelende** opstel bespreek word. [50]
- 1.4 **Wanneer stiltes praat**
Die kandidaat kan 'n **beskrywende/bespiegelende opstel** aanbied oor 'n tyd van afsondering in stilte of gebeure/tonele oproep waar afsondering as 'n helingsproses gedien het. As **verhalende opstel** kan gebeure in 'n eilandsituasie of 'n tydperk van gevangeneskap vertel word. As **beredeneerde** of **argumenterende opstel** kan die kandidaat redeneer oor die meriete van absolute stilte of die nadeel daarvan. Is dit so dat selfs stilte soms 'n antwoord kan skree? [50]

1.5 Mars, my (ons) nuwe woning(?)

Die kandidaat kan die opstel as 'n **verhalende** opstel aanbied. Verhale oor gebeurtenisse of ervarings of handeling wat die kandidaat ondervind het in die ruimte na Mars of die uitdagings om van Mars 'n woonplek te maak, kan vertel word. As 'n kandidaat 'n **beskrywende** opstel aanpak, kan handeling of gebeure wat deel van die Mars-ervaring is, beskryf word. As **argumenterende** of **beredeneerde** opstel kan die kandidaat argumente of redes aanvoer waarom die verkenning van nuwe planeet belangrik is, al dan nie. Die kandidaat kan ook **bespiegel** oor reis na vreemde plekke, soos Mars, en die gepaardgaande aanpassings. Mars kan ook simbolies van 'n vreemde, eksotiese woonplek wees.

[50]**1.6****1.6.1 Reistasse**

Die kandidaat kan 'n **verhalende** opstel skryf waarin hy/sy vertel van 'n reiservaring. In 'n **beskrywende** opstel kan die kandidaat skryf oor verskillende soorte reis, tasse (letterlik en figuurlik) of houe/sakke. As **bespiegelende** opstel kan die kandidaat besin oor die waarde van die lewensreis wat die mens onderneem. Die kandidaat kan ook oor die waarde van reis om jou lewensuitkyk te verbreed, **redeneer/argumenteer**.

[50]**1.6.2 Persoon vasgevang deur die beheer van iemand anders se hand**

'n **Verhalende opstel** kan die storie vertel van iemand wat jare lank deur ander gemanipuleer is/word (totdat die toutjies eendag geknip is). 'n **Beskrywende opstel** kan handel oor die gevaar daarvan as ander jou lewe beheer en hulle van jou 'n afdruk van hulle wil maak./insidente en/of mense wat jou in hulle mag vasvang. Kandidaat kan **bespiegel** oor die grense van ander se invloed op jou lewe en hoe maklik jy die prooi van 'n manipuleerder kan raak, ook hoe jy 'n gevangene van jou eie doen en late kan wees. **Argumenterend/Beredeneerd** kan daar gekyk word na die gevaar van die invloed van ander mense op jou lewe en faktore wat jou na ander se pype laat dans.

[50]**1.6.3 Hande wat die aarde vashou**

In 'n **beskrywende opstel** kan die kandidaat op die skepping fokus op en/of aantoon hoe negatief/positief die mens se invloed daarop is./hoe daar tóg mense is wat alles in hulle vermoë doen om die natuur/die aarde te beskerm en te bewaar. Die kandidaat kan 'n **verhalende opstel** aanbied wat handel oor sy/haar bewuswording van die skoonheid in die skepping/agteruitgang in die natuur. Indien die kandidaat **argumenteer** oor moontlikhede om die aarde te red, kan die skryfstuk as 'n **argumenterende opstel** slaag. Daar kan ook argumenteer word dat die mens die oorsaak is van aardverwarming en die vreemde natuurverskynsels wat deesdae ervaar word. 'n **Bespiegelende** opstel kan die goeie en slegte tye van die mens se interaksie met die aarde bepeins.

[50]

SOORTE OPSTELLE:**VERHALENDE OPSTEL**

Dit is 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(-se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit handel oor iets wat gebeur het en vertel word ('n storie of gebeurtenis).
- 'n Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, dit oortuig en ontwikkel logies, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- 'n Treffende inleiding wat die leser boei, word aangebied.
- 'n Verrassende slot rond die inhoud af.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Dit gebruik gewoonlik die verlede tyd.

BESKRYWENDE OPSTEL

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

Hou die volgende in gedagte:

- Waarnemings met al vyf sinne en 'n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, 'n eie beleving en sinvolheid geniet aandag (dit is meer as net die opnoem van waarnemings).
- Tekste kan varieer van meer realisties tot 'n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word oorspronklik aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Beskrywing het atmosfeer en stemming ten doel: dit word gedoen deur die konnotasie en nie die denotasie van woorde nie.
- Stylfigure kan gebruik word.

BEREDENEERDE OPSTEL

Dis objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van 'n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot 'n spesifieke gevolgtrekking aan die einde van die opstel kom, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed wees in die ontwikkeling van die opstel.

Hou die volgende in gedagte:

- Die opstel handel oor 'n onderwerp waaroor standpunt, alreeds tydens die inleiding, ingeneem word.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- Dit bevat goed gemotiveerde en ondersteunende stellings.
- 'n Gevolgtrekking word in die slotparagraaf, wat aansluit by die inleiding, gemaak. Die slot gee 'n sterk aanduiding van die skrywer se mening.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Hoewel objektief, kan die skrywer ook persoonlik raak.

BESPIEGELEND OPSTEL

Die skrywer oorweeg/deurdink 'n idee/leuenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Dit bespiegel oor 'n droom of wense/moontlikhede.

Hou die volgende in gedagte:

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink: verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- Dis persoonlik van aard.
- Daar is 'n definitiewe struktuur, maar 'n gevolgtrekking is nie nodig nie.
- Dit hoef nie 'n gebalanseerde bespreking te bied nie – dit kan humoristies of ernstig geskryf word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

ARGUMENTERENDE OPSTEL

Die skrywer het 'n spesifieke mening en argumenteer daarvoor om sy/haar standpunt te motiveer.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit is subjektief en definitiewe menings moet gestel word.
- 'n Eie mening word op 'n baie oorspronklike en treffende manier gegee.
- 'n Reeks argumente om perspektief te motiveer, word gegee.
- Verdediging of aanval van 'n saak word enduit volgehou.
- 'n Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke kan gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel is, maar nie kru taal nie, kan gebruik word.
- Daar moet 'n duidelike en oortuigende slot wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

AFDELING B word volgens die rubriek uit 25 geassesseer. Slegs TWEE tekste word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

RIGLYNE

Dui aan die einde van die skryfstuk die punte soos volg aan:

Voorbeeld:

Inhoud, beplanning en formaat:

I = K = 10

Taal, styl en redigering:

T = G = 6

Skryf dan die totaal van die skryfstuk aan die regterkant (onder die teks). **16**

Dra die punt uit 25 oor na die BEGIN van die skryfstuk (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

VRAAG 2

Kandidate kies TWEE van die opdragte en skryf skryfstukke van 180–200 woorde elk.

2.1 VRIENDSKAPLIKE/INFORMELE BRIEF

Die brief is 'n poging om die onmin in die huis op te klaar as die skrywer sy/haar ouers probeer oortuig om hom/haar toe te laat om gedurende die Desember vakansie saam met vriende weg te breek.

Hou die volgende in gedagte:

- Gebruik informele taal, register en styl.
- Die skrywer moet sy/haar ouers oortuig dat hy/sy die Desember vakansie saam met vriende mag wegbreek.
- Skryf in beskrywende, maar eenvoudige taal.
- Skryf logies en volgens 'n spesifieke doel.
- Daar moet 'n inleiding, liggaam en slot wees.
- Die adres en die datum moet bo-aan verskyn.
- Na die skrywer se adres volg 'n informele aanhef.
- Sluit die brief informeel/semiformeel af, gevolg deur die skrywer se naam.

[25]

2.2 FORMELE BRIEF: VERSOEK

Die brief handel oor 'n versoek aan die Gemeenskapsforum om boeke aan 'n skool se biblioteek/mediasentrum te skenk.

Hou in gedagte:

- Die formaat is formeel.
- Daar moet twee adresse, 'n aanhef, 'n inhoudsopskrif en 'n gepaste afsluiting wees.
- Die inhoud moet handel oor die versoek aan die Gemeenskapsforum om boeke aan 'n plaaslike skoolbiblioteek te skenk.

- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar in 'n formele register.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer se titel, voorletters en van moet gegee word.

[25]

2.3 HULDEBLYK

Die kandidaat lewer 'n huldeblyk oor die persoon wat hom/haar finansiële/emosioneel/intellektueel in sy/haar skoolloopbaan ondersteun het. Dit moet dus duidelik blyk dat die persoon 'n belangrike rol in die spreker se lewe vervul (het). Die kandidaat kan verwys na sy/haar verbintenis met die persoon, die lesse wat hy/sy van dié persoon geleer en in watter mate die weldoener sy/haar lewe in 'n positiewe rigting gestuur het.

Hou in gedagte:

- Die volgende belangrike inligting word in 'n huldeblyk gegee:
 - naam en van van die weldoener.
 - gebeure en staaltjies oor die weldoener se bydrae word gegee.
 - persoonlike herinneringe kan gegee word.
- Die leser moet 'n duidelike beeld van die weldoener en sy dade kan vorm.
- Die styl moet by die geleentheid en die gehoor pas.
- Vermyn sentimentaliteit.
- Gebruik kort, bondige sinne.
- Die inhoud van die huldeblyk moet in paragrawe aangebied word.

2.4 FORMELE VERSLAG

Die verslag fokus op die wie, wat, waar, wanneer en hoe asook die positiewe en negatiewe van die musiekkonsert wat by die skool aangebied is.

Hou in gedagte:

- Dink na oor 'n titel, inleiding (agtergrond, doel en omvang), die inhoudsgedeelte (Wie? Hoekom? Waar? Wanneer? Wat? Hoe?), samevatting/slot, aanbevelings, verwysings.
- Beplan, versamel en organiseer inligting; skryf oor feite.
- Gebruik semiformele of formele taal, register en styl.
- Die kandidaat kan gebruik maak van:
 - teenwoordige tyd;
 - selfstandige naamwoorde
 - die derdepersoon;
 - feitelike beskrywing;
 - tegniese woorde en frases; en
 - semiformele/formele, onpersoonlike taal

[25]

2.5 KOERANTARTIKEL

Die artikel handel oor die misbruik van sosiale media.

Hou die volgende in gedagte:

- Stel die feite kortliks en akkuraat.
- Belangrike en relevante feite moet objektief gegee word.
- 'n Subtitel kan gegee word.
- Menings van kundiges oor hierdie onderwerp kan gegee/gebruik word.
- Die gevolge wat misbruik van sosiale media vir die gebruiker inhou, kan uitgewys word.

[25]**2.6 ONDERHOUD**

Die onderhoud met die Minister van Basiese Onderwys kan in dialoog- of in artikelformaat aangebied word.

Hou die volgende in gedagte:

Dialoogformaat

- Twee mense voer 'n gesprek.
- Spreekbeurte vind plaas in die orde waarin die gesprek gevoer word en vanuit die spreker se perspektief.
- Elke nuwe spreekbeurt word op 'n volgende reël geskryf.
- Gebruik 'n dubbelpunt na die naam van elke spreker.
- Ekstra inligting word tussen hakies aangedui, bv.
Anna: *(met dringendheid)* Ek sal dit .../Anna *(met dringendheid)*: Ek sal dit ...
- 'n Scenario kan geskep word voordat die dialoog/onderhoud geskryf word.

Artikelformaat

- Die opskrif moet aantreklik en interessant wees.
- Die styl moet persoonlik wees en direk tot die leser spreek.
- Die artikel moet belangstelling wek en die leser boei.
- Soos vir resensies, is daar is geen vaste formaat vir artikels nie.

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

LET WEL:

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings in 'n hoë- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL [50 PUNTE]


Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD & BEPLANNING (Respons en idees) Organisering van idees vir beplanning; Bewustheid van doel, gehoor en konteks 30 PUNTE	Hoë vlak	28–30	22–24	16–18	10–12	4–6
		-Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting -Idee is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke -Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons baie goed; getuig van vaardigheid -Idee heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid -Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend -Idee redelik samehangend en oortuigend -Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Wisselvallige samehang in respons -Idee onduidelik, nie oorspronklik nie -Min bewys van organisasie en samehang	-Respons heeltemal irrelevant -Idee deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie -Vaag en herhalend -Geen organisasie nie en is onsamehangend
	Lae vlak	25–27	19–21	13–15	7–9	0–3
		-Respons uitmuntend, maar uitsonderlik treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek -Idee intelligent en volwasse -Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons goed; getuig van vaardigheid -Idee relevant, interessant -Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid -Idee redelik samehangend en oortuigend -'n Mate van organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons is grootliks irrelevant. -Idee begin los staan en kan verwarrend wees -Skaars 'n bewys van organisasie en samehang	-Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie -Heeltemal irrelevant en ontoepaslik -Deurmekaar en geen fokus nie

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL [50 PUNTE] (vervolg)

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
TAAL, STYL & REDIGERING		14–15	11–12	8–9	5–6	0–3
Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks; Woordkeuse; Taalgebruik en konvensies, puntuasie, grammatika, spelling 15 PUNTE	Hoë vlak	-Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend -Toon retories treffend en effektief -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Knap gedaan	-Toon, styl, register en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik effektief en 'n deurlopende gepaste toon word gebruik -Grammatika en spelling grootliks foutvry -Baie goed gedaan	-Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks -Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra -Toon is gepas -Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk	- Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik baie basies -Toon en woordkeuse skaars toepaslik -Baie beperkte woordeskat	-Taal onverstaanbaar --Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie -Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak
	Lae vlak	13 -Taalgebruik uitstekend en toon is retories effektief -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Baie goed tot knap gedaan	10 -Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief -Toon gepas en effektief -Enkele foute in grammatika en spelling -Goed gedaan	7 -Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk -Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele	4 -Taalgebruik onvoldoende -Weinig indien enige sinsverskeidenheid -Woordeskat baie beperk	
STRUKTUUR		5	4	3	2	0–1
Kenmerke van teks; Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie 5 PUNTE		-Uitstekende ontwikkeling van onderwerp -Uitsonderlike detail -Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer	-Logiese ontwikkeling van details -Samehangend -Sinne en paragrawe logies en toon variasie	-Relevante detail ontwikkel -Sinne en paragrawe goed gekonstrueer -Opstel maak nog sin	-Sommige punte geldig -Sinne en paragrawe foutief -Opstel maak nog effens sin	-Noodsaaklike punte ontbreek -Sinne en paragrawe foutief -Opstel maak nie sin nie

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE TEKSTE – HUISTAAL [25 PUNTE]


Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT	13–15	10–12	7–9	4–6	0–3
Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks 15 PUNTE	-Respons uitsonderlik, bo verwagting -Idee intelligent en volwasse -Grondige kennis van kenmerke van die soort teks -Skryfwerk behou fokus -Samehang in inhoud en idees -Idee behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste en akkurate formaat	-Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks -Behou fokus – geen afwyking nie -Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste formaat met onbeduidende foute	-Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks -Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings -Redelike samehang in inhoud en idees -Sommige detail ondersteun die onderwerp -Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute	-Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks -Aanduiding van fokus, maar met afwykings -Inhoud en idees nie altyd samehangend nie -Min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas -Kritiese foute begaan	-Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie -Betekenis onduidelik met groot afwyking -Geen samehang in idees en inhoud nie -Baie min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat nie toegepas nie
TAAL, STYL & REDIGERING	9–10	7–8	5–6	3–4	0–2
Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks; Taalgebruik en konvensies; Woordkeuse; Punktuasie en spelling 10 PUNTE	-Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer -Feitlik foutloos	-Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer -Baie goeie woordeskat -Oorwegend foutloos	-Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks -Enkele grammatikafoute -Voldoende woordeskat -Foute belemmer nie betekenis nie	-Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika onakkuraat met etlike foute -Basiese woordeskat -Betekenis belemmer	-Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie -Besaaie met foute en verward -Woordeskat nie geskik vir doel nie -Betekenis ernstig belemmer



AFRIKAANS HOME LANGUAGE P3

2018

QUESTION PAPER





basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

NOVEMBER 2018

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Opstel (50)
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. gebruik 'n breinkaart/diagram/vloeydiagram/kernwoorde), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

AFDELING A: ongeveer 80 minute
AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 Die huis met die rooi dak se geheim(-e) [50]

1.2 Onregverdigheid lei tot groot hartseer. [50]

1.3 Die storm se krag ... [50]

1.4 *Dis 'n land van kleur en klank.* [50]

1.5

*die suidoostewind blaai die dae
al haastiger om
sodat ons by die laaste
hoofstuk – herfs – kan kom*
[Verwerk uit: *Seisoenlektuur* – Daniel Hugo]

 [50]

1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6.1, 1.6.2 OF 1.6.3) en jou eie titel neer.

1.6.1



[Bron: <https://www.colourbox.com>]

[50]


1.6.2



[Bron: <https://www.colourbox.com>]

[50]

1.6.3



[Bron: <https://dreamstime.com>]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het onlangs fantastiese nuus gekry, maar jy mag dit om bepaalde redes nog nie bekend maak nie. Jy bars van opwinding en besluit om solank jou beste vriend/vriendin daarvan te vertel.

Skryf 'n informele brief aan jou vriend/vriendin waarin jy hom/haar van dié nuus vertel. Skryf ook waarom dié nuus nie bekend gemaak mag word nie. [25]

2.2 FORMELE BRIEF: VERSOEK

Julle matriekgroep het planne om die dorp se strate te verfraai. Daarvoor het julle die munisipale bestuurder se goedkeuring nodig.

Skryf 'n formele brief aan die munisipale bestuurder waarin julle dié planne verduidelik en goedkeuring daarvoor vra. [25]

2.3 TYDSKRIFARTIKEL

Die redakteur van 'n bekende familietydskrif het jou gevra om 'n artikel te skryf met die titel:

Selfone – 'n noodsaaklike hulpmiddel in die klaskamer?

Skryf die tydskrifartikel. [25]

2.4 CV EN DEKBRIEF

Mercedes Brandt stel belang in die pos as winkelassistent wat in *Die Kweek* van 23 November 2018 (op die volgende bladsy) geadverteer word. Sy voldoen aan al die vereistes vir die pos.

Haar CV (ook op die volgende bladsy) is reeds saamgestel. Jy word gevra om die gepaardgaande dekbrieff te skryf.

Skryf haar dekbrieff. [25]

Advertensie in *Die Kweekvoël*

Curriculum Vitae

POS BESKIKBAAR PostNet Oudtshoorn het 'n pos beskikbaar vir 'n winkelassistent wat klante kan help met 'n verskeidenheid van dienste wat PostNet verskaf. Vereistes: • Goeie menseverhoudinge • Noukeurigheid • Rekenaarvaardigheid • Goeie spanwerk • Eerlikheid en stiptelikheid Belangstellendes kan 'n CV en dekbrieff stuur na PostNet, Winkelstraat 16, Oudtshoorn, 0018. Aansoeke sluit om 12:00 op 25 Januarie 2019. <i>POSTNET</i>	MERCEDES BRANDT <i>Springbokstraat 7 Pofadder 4071</i> WERKSGESKIEDENIS - Verkoopsassistent by Edgars Julie 2018 tot November 2018 - Assistent by die Klokkie Kleuterskool April 2018 SKOOLOPLEIDING <table> <tr> <td>Hoërskool Pofadder</td> <td>2013 tot 2017</td> </tr> <tr> <td>Hoogste kwalifikasie</td> <td>Nasionale Senior Sertifikaat (2017)</td> </tr> </table> Vakke Afrikaans Huistaal Engels Eerste Addisionele Taal Wiskundige Geletterdheid Lewensoriëntering Toerisme Besigheidstudies Rekenaartoepassingstechnologie REFERENTE <table> <tr> <td>Me. Sophia Brown</td> <td>082 001 2345</td> </tr> <tr> <td colspan="2">(Skoolhoof, Hoërskool Pofadder)</td> </tr> <tr> <td>Mnr. Sol Sekhu</td> <td>071 456 7893</td> </tr> <tr> <td colspan="2">(Bestuurder, Edgars)</td> </tr> </table>	Hoërskool Pofadder	2013 tot 2017	Hoogste kwalifikasie	Nasionale Senior Sertifikaat (2017)	Me. Sophia Brown	082 001 2345	(Skoolhoof, Hoërskool Pofadder)		Mnr. Sol Sekhu	071 456 7893	(Bestuurder, Edgars)	
Hoërskool Pofadder	2013 tot 2017												
Hoogste kwalifikasie	Nasionale Senior Sertifikaat (2017)												
Me. Sophia Brown	082 001 2345												
(Skoolhoof, Hoërskool Pofadder)													
Mnr. Sol Sekhu	071 456 7893												
(Bestuurder, Edgars)													

[25]**2.5 INFORMELE VERSLAG**

Die skool het aan die einde van die kwartaal 'n pretdag vir die leerders gehou.

Na afloop van die dag word jy gevra om 'n informele verslag vir die reëlingskomitee saam te stel oor die sukses van dié dag.

Skryf die informele verslag.

[25]**2.6 ONDERHOUD**

'n Bekende sport-/musiekster besoek julle skool. Jy het die voorreg om vir jul skoolkoerant met hom/haar 'n onderhoud te voer oor die grootste struikelblok wat hy/sy in sy/haar lewe oorkom het.

Skryf die onderhoud.

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

AFRIKAANS HOME LANGUAGE P3

2018

MEMO



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

NOVEMBER 2018

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 100

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.

ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE**AFDELING A: OPSTEL**

AFDELING A word volgens die rubriek uit 50 geassesseer. Die kandidaat mag slegs oor EEN onderwerp of prikkel skryf. Hy/Sy mag enige tipe opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

NASIENRIGLYNE

Dui aan die einde van die opstel die kodes soos volg aan:

Voorbeeld:

Inhoud:

Taal, styl en redigering:

Struktuur:

Skryf dan die totaal van die opstel aan die regterkant (onder die opstel).

I = Kh = 22

T = Kl = 10

S = K = 4

36

Dra die punt uit 50 oor na die BEGIN van die opstel (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL

- **Inleiding:** Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekendgestel word. Dit behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.
- **Liggaam:** Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.
- **Slot:** Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van 'n verhalende, beskrywende en bespiegelende opstel vat die slot die skryfstuk saam, terwyl 'n argumenterende en beredeneerde opstel se slot die skrywer se finale standpunt/mening weerspieël.

VRAAG 1**Riglyne**

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande nasienriglyne) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, **byvoorbeeld**:

- 1.1 **Die huis met die rooi dak se geheim(-e)**
Die kandidaat kan 'n **verhalende** opstel aanbied wat handel oor iemand/die mense wat in die huis met die rooi dak woon se geheim(-e). Indien die onderwerp **beskrywend** aangebied word, kan die kandidaat die invloed wat die geheim(-e) op die huismense het, beskryf. [50]
- 1.2 **Onregverdigheid lei tot groot hartseer.**
Die kandidaat kan hierdie onderwerp as 'n **beskrywende** opstel aanbied deur situasies/gebeure te beskryf waar onregverdigheid tot groot hartseer gelei het. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat mymer oor die hartseer van talle onregverdigheide in ons samelewing. 'n **Verhalende** opstel kan handel oor gebeure/handeling van mense wat onregverdig opgetree het en daardeur ander mense benadeel het. As **beredeneerde of argumenterende** opstel kan die kandidaat redeneer oor die redes en gevolge van onregverdigheide in ons samelewing. [50]
- 1.3 **Die storm se krag ...**
Die onderwerp kan as **verhalende** opstel handel oor 'n ramspoedige dag toe 'n storm angs of verwoesting saai. Die kandidaat kan 'n **beskrywende** opstel aanbied waarin die figuurlike storm wat in die skool/gemeenskap/huisgesin woed, beskryf word. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat besin oor die kragtige invloed wat letterlike of figuurlike storms van die lewe op die mens het. Die kragtige invloed van probleme/storms in ons samelewing kan **beredeneer/geargumenteer** word. Die kandidaat kan "storm" in alle gevalle letterlik of figuurlik, **of gekombineerd**, interpreteer. **Die "storm" kan in alle gevalle ook positiewe gevolge hê.** [50]
- 1.4 **Dis 'n land van kleur en klank.**
Hierdie onderwerp kan lei tot al die soorte opstelle. As 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat skryf oor 'n reis deur Suid-Afrika/na 'n ander land en die kultuurervaring wat hy/sy daar beleef. In 'n **beskrywende** opstel kan die kandidaat 'n reisbeskrywing gee van lande/plekke wat hy/sy besoek/nagevors het. By 'n **argumenterende/beredeneerde** aanbieding kan die kandidaat die leser oortuig van die waarde van reis. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat mymer oor die positiewe geleenthede wat 'n land (bv. Suid-Afrika) bied. [50]
- 1.5 **die suidoostewind blaai die dae al haastiger om ...**
Die kandidaat bied 'n **beskrywende** opstel aan waarin hy/sy beskryf hoe dit herfs word. Die kandidaat kan ook 'n figuurlike herfs/die ouderdom beskryf. In 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat vertel hoe hy/sy die draai van die seisoene beleef terwyl hy/sy op die koms van die herfs/op die stilte van die herfs wag. Die kandidaat kan **bespiegel** dat seisoene 'n mens opnuut bewus maak van die kosbaarheid van tyd./die ouderdom wat 'n mens bekruipt./of ouderdom noodwendig sleg is./watter seisoen die beste is. [50]

1.6.1 Span/Groep mense wat hande vashou tussen kranse

Interpretasies kan lei tot **beskrywende**, **verhalende** of selfs **bespiegelende** opstelle, bv. 'n **beskrywing** van die besluit van die groep om mekaar oor die kloof te help./die waagmoed wat dit verg om mekaar in hierdie mate te vertrou. Die kandidaat kan fokus op verskillende soorte mense wat in die stadsituasie met mekaar moet saamwerk. 'n **Verhaal** kan handel oor 'n groep wat van 'n situasie ontsnap en van die een krans na die ander krans en veiligheid beweeg; 'n kandidaat kan ook verwys na sg. klowe wat ons (stedelike) bestaan tot gevolg het. Hierdie onderwerp kan die waarde van spanwerk/uitdagings/struikelblokke **bespiegel**. In 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel kan die kandidaat redeneer oor die uitdagings om jou vrese te oorkom of selfs die uitdaging wat spanwerk bied indien almal nie hulle deel bydra nie. Ander moontlikhede sluit in die waarde wat spanwerk bv. in Suid-Afrika het om brûe te bou.

[50]**1.6.2 Appel met A+**

Die kandidaat kan 'n **verhalende** opstel aanbied wat handel oor 'n skrande leerder wat besef dat goeie gewoontes tot sukses lei./hoe gesonde eetgewoontes sy/haar lewe raak./negatief ongesonde eetgewoontes is. In 'n **beskrywende** opstel kan die kandidaat vereistes vir akademiese sukses beskryf. Indien die opstel **bespiegelend** aangebied word, kan die kandidaat bespiegel oor moontlike toekomsgeleenthede wat harde werk op skool tot gevolg sal hê. Die belangrikheid van prestasie/gesondheid/dieet kan in 'n **beredeneerde/argumenterende opstel** beredeneer word. **Die kandidaat kan ook fokus op 'n "Apple"-rekenaarkursus.**

[50]**1.6.3 Kop met voorwerpe wat uit die kop vloei**

Die onderwerp leen hom tot 'n **beskrywende** opstel waarin die kandidaat die positiewe/negatiewe invloed van menslike aktiwiteite/kuns/tegnologie/musiek beskryf. Die kandidaat bied 'n **verhalende** opstel aan waarin hy/sy die verhaal/storie rondom 'n bepaalde herinnering vertel. Indien die opstel **bespiegelend** aangebied word, kan die kandidaat bespiegel oor positiewe/negatiewe ervarings wat beleef is en/of die invloed van sekere gebeurtenisse/uitvindings op 'n persoon/die mens se lewe. Die kandidaat kan mymer oor die mens se prestasies./die waarde van menslike prestasies. Die kandidaat kan in 'n **beredeneerde/argumenterende** opstel die mens se intellektuele vermoë beredeneer. **'n Kandidaat kan ook die onderwerp interpreteer as breinspoeling, die toekoms deur robote se oë, sterre in die oë a.g.v. gedagtes/idees/onderwerpe/talente/ontwikkeling in sy/haar brein. Die prikkel kan ook met maskers, waaragter mense wegkruip a.g.v. hulle gedagtes, in verband gebring word.**

[50]

SOORTE OPSTELLE:**VERHALENDE OPSTEL**

Dit is 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(-se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit handel oor iets wat gebeur het en vertel word ('n storie of gebeurtenis).
- 'n Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, dit oortuig en ontwikkel logies, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- 'n Treffende inleiding wat die leser boei, word aangebied.
- 'n Verrassende slot rond die inhoud af.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en parafering moet aandag geniet.
- Dit gebruik gewoonlik die verlede tyd.

BESKRYWENDE OPSTEL

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

Hou die volgende in gedagte:

- Waarnemings met al vyf sinne en 'n goeie woordeskate word vereis.
- Insig, begrip, 'n eie belewing en sinvolheid geniet aandag (dit is meer as net die opnoem van waarnemings).
- Tekste kan varieer van meer realisties tot 'n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idioom en spreekwoorde word oorspronklik aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en parafering moet aandag geniet.
- Beskrywing het atmosfeer en stemming ten doel: dit word gedoen deur die konnotasie en nie die denotasie van woorde nie.
- Stylfigure kan gebruik word.

BEREDENEERDE OPSTEL

Dis objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van 'n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot 'n spesifieke gevolgtrekking aan die einde van die opstel kom, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed wees in die ontwikkeling van die opstel.

Hou die volgende in gedagte:

- Die opstel handel oor 'n onderwerp waaroor standpunt, alreeds tydens die inleiding, ingeneem word.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.

- Dit bevat goed gemotiveerde en ondersteunende stellings.
- 'n Gevolgtrekking word in die slotparagraaf, wat aansluit by die inleiding, gemaak. Die slot gee 'n sterk aanduiding van die skrywer se mening.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Hoewel objektief, kan die skrywer ook persoonlik raak.

BESPIEGELEND OPSTEL

Die skrywer oorweeg/deurdink 'n idee/lewenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Dit bespiegel oor 'n droom of wense/moontlikhede.

Hou die volgende in gedagte:

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink: verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- Dis persoonlik van aard.
- Daar is 'n definitiewe struktuur, maar 'n gevolgtrekking is nie nodig nie.
- Dit hoef nie 'n gebalanseerde bespreking te bied nie – dit kan humoristies of ernstig geskryf word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

ARGUMENTERENDE OPSTEL

Die skrywer het 'n spesifieke mening en argumenteer daarvoor om sy/haar standpunt te motiveer.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit is subjektief en definitiewe menings moet gestel word.
- 'n Eie mening word op 'n baie oorspronklike en treffende manier gegee.
- 'n Reeks argumente om perspektief te motiveer, word gegee.
- Verdediging of aanval van 'n saak word enduit volgehou.
- 'n Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke kan gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel is, maar nie kru taal nie, kan gebruik word.
- Daar moet 'n duidelike en oortuigende slot wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

AFDELING B word volgens die rubriek uit 25 geassesseer. Slegs TWEE tekste word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

RIGLYNE

Dui aan die einde van die skryfstuk die kodes soos volg aan:

Voorbeeld:

Inhoud, beplanning en formaat:

I = K = 10

Taal, styl en redigering:

T = G = 6

Skryf dan die totaal van die skryfstuk aan die regterkant (onder die teks).

16

Dra die punt uit 25 oor na die BEGIN van die skryfstuk (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Die kandidaat skryf 'n informele brief aan 'n vriend/vriendin om fantastiese nuus wat ontvang is en ook die redes waarom dit nog nie bekend gemaak kan word nie, te vertel.

Hou die volgende in gedagte:

- Informele taal, register en styl behoort gebruik te word.
- Beskrywende, maar eenvoudige taal behoort voor te kom.
- Die briefinhoud behoort logies en volgens bogenoemde doel uiteengesit te word.
- Briewe behoort 'n inleiding, liggaam/inhoud en slot te hê.
- Die skrywer se adres en datum waarop die brief geskryf word, moet in **die korrekte formaat/in korrekte spelling (AWS p. 55 reël 9.14)** gegee word.
- Na die skrywer se adres behoort die informele aanhef te volg.
- Die brief behoort informeel afgesluit te word.
- Die formaat van die brief is belangrik.
- Die kandidaat moet die "fantastiese" nuus omskryf en sê waarom die nuus nog nie bekend gemaak kan word nie.

[25]

2.2 FORMELE BRIEF: VERSOEK

Die brief lê die planne voor en versoek die munisipale bestuurder om goedkeuring te verleen aan die matriekgroep wat die dorpstrate wil verfraai.

Hou die volgende in gedagte:

- Die formaat is formeel: daar moet dus twee adresse wees. Die res van die brief se formaat moet korrek wees soos wat dit vir formele briewe geld.
- Die inhoud is baie belangrik, so ook die styl, struktuur en doel.
- Styl: Dit behoort saaklik, formeel, maar hoflik te wees.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig.
- Struktuur: Die brief moet bestaan uit paragrawe waarin gefokus word op die planne en goedkeuring om die dorpstrate te verfraai.
- Die formele register moet gebruik word, soos bv. "u" in plaas van "jy"/"jou".
- Die afsluiting is formeel en bevat die skrywer se voorletters, van en titel, waar nodig, bv.

Die uwe

P. van Zyl

P. van Zyl

[25]

2.3 TYDSKRIFARTIKEL

Lesers van die familietydskrif word ingelig dat selfone óf 'n noodsaaklike hulpmiddel in die klaskamer, óf 'n euwel, óf irrelevant is.

Hou die volgende in gedagte:

- Inligting oor selfone as noodsaaklike hulpmiddel/euwel/onvanpaste hulpmiddel in klasse moet beklemtoon word.
- Daar is 'n ooreenkoms tussen 'n feitelike opstel en 'n artikel.
- Bedrywende vorm kom ook in die artikel voor.
- Die styl moet maklik verstaanbaar en interessant wees. Die teikengroep moet in gedagte gehou word: in hierdie geval 'n familietydskrif.
- Die artikel kan in kolomme (in paragraafvorm) aangebied word.
- Aanhalinge kan gebruik word.
- Die tema of onderwerp moet interessant aangebied word.
- Die titel/opskrif is kort/kragtig en treffend en moet by die onderwerp pas.
- 'n Subtitel kan ook gegee word.
- Die inleidingsparagraaf moet die inhoud ontsluit. Dit moet ook kort en kragtig wees en die leser dadelik in die prentjie bring.
- Die meeste/belangrikste feite kan in die eerste paragraaf gegee word. Die wie/wat/waar/wanneer/waarom/hoe is opsioneel./kan gebruik word soos van toepassing. (Selfstudiegids p. 30)
- Die wat, waar en wanneer word in die volgende paragrawe uitgebrei, soos van toepassing.
- Meer inligting – die hoe en hoekom – word nou gegee.
- Die res van die inligting word daarna in dalende orde van belangrikheid gegee.
- Die slotparagraaf bevat die gevolgtrekking waartoe gekom word.

[25]

2.4 CV EN DEKBRIEF

Die dekbrieff moet fokus op Mercedes Brandt se kwaliteite wat haar 'n geskikte kandidaat vir die spesifieke pos maak.

Hou die volgende in gedagte:

- Die formaat is formeel: daar moet dus twee adresse wees. Die res van die brief se formaat moet korrek wees soos wat dit vir formele briewe geld.
- Die inhoud is baie belangrik, so ook die styl, struktuur en doel.
- Styl: Dit behoort saaklik, formeel, maar hoflik te wees.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig.
- Struktuur: Die brief moet bestaan uit paragrawe waarin gefokus word op die vakature as winkelassistent.
- Die formele register moet gebruik word, soos bv. "u" in plaas van "jy"/"jou".
- Die brief moet vaardighede, kwaliteite, eienskappe wat die skrywer die geskikte kandidaat vir die pos maak, uitlig.
- Die afsluiting is formeel en bevat die skrywer se voorletters, van en titel, waar nodig, bv.

Die uwe

M. Brandt

(Mej./Me.) M. Brandt

[25]

2.5 INFORMELE VERSLAG

Die kandidaat skryf 'n informele verslag oor die sukses van die pretdag wat die skool gehou het.

Hou die volgende in gedagte

- Gee presiese terugvoering oor die gebeure.
- Beplan, versamel en organiseer inligting; skryf oor feite.
- Gebruik semiformele taal, register en styl.
- Gebruik teenwoordige tyd, selfstandige naamwoorde, die derde persoon, feitelike beskrywings, tegniese woorde en frases.
- Dit moet geskik wees om aan die reëlingskomitee, (wat die sukses van die pretdag wil evalueer), voorgelê te word.

2.6 ONDERHOUD

Die onderhoud moet met 'n bekende sport-/musiekster wat jul skool besoek, gevoer word. Die klem moet val op die grootste struikelblok wat dié ster in sy/haar lewe oorkom het.

Hou die volgende in gedagte:

- Die onderhoud mag as 'n artikel of dialoog aangebied word.
- Vraag en antwoord moet duidelik onderskei kan word.
- Elke spreekbeurt word op 'n nuwe reël begin. (Dialoogformaat)
- Die verskil tussen gesproke en geskrewe Afrikaans is belangrik – daarom moet die redigering versigtig gedoen word.
- 'n Inleidende sin/paragraaf/scenario behoort waarde tot die skryfstuk toe te voeg.
- In hierdie geval voer die onderhoudvoerder die onderhoud met die sport-/musiekster met die oog op 'n bydrae vir die skoolkoerant.
- In die slotparagraaf/laaste spreekbeurt behoort die onderhoud saamgevat te word.

[25]

TOTAAL AFDELING B:	50
GROOTTOTAAL:	100

LET WEL:

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings in 'n hoë- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL [50 PUNTE]

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD & BEPLANNING (Respons en idees) Organisering van idees vir beplanning; Bewustheid van doel, gehoor en konteks 30 PUNTE	Hoë vlak	28–30	22–24	16–18	10–12	4–6
		-Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting -Idee is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke -Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons baie goed; getuig van vaardigheid -Idee heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid -Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend -Idee redelik samehangend en oortuigend -Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Wisselvallige samehang in respons -Idee onduidelik, nie oorspronklik nie -Min bewys van organisasie en samehang	-Respons heeltemal irrelevant -Idee deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie -Vaag en herhalend -Geen organisasie nie en is onsamehangend
	Lae vlak	25–27	19–21	13–15	7–9	0–3
		-Respons uitmuntend, maar uitsonderlik treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek -Idee intelligent en volwasse -Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons goed; getuig van vaardigheid -Idee relevant, interessant -Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid -Idee redelik samehangend en oortuigend -'n Mate van organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons is grootliks irrelevant. -Idee begin los staan en kan verwarrend wees -Skaars 'n bewys van organisasie en samehang	-Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie -Heeltemal irrelevant en ontoepaslik -Deurmekaar en geen fokus nie

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL [50 PUNTE] (vervolg)

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
TAAL, STYL & REDIGERING		14–15	11–12	8–9	5–6	0–3
Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks; Woordkeuse; Taalgebruik en konvensies, puntuasie, grammatika, spelling	Hoë vlak	-Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend -Toon retories treffend en effektief -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Knap gedaan	-Toon, styl, register en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik effektief en 'n deurlopende gepaste toon word gebruik -Grammatika en spelling grootliks foutvry -Baie goed gedaan	-Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks -Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra -Toon is gepas -Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk	-Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie -Taalgebruik baie basies -Toon en woordkeuse skaars toepaslik -Baie beperkte woordeskat	-Taal onverstaanbaar -Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks -Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak
15 PUNTE	Lae vlak	13	10	7	4	
		-Taalgebruik uitstekend en toon is retories effektief -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Baie goed tot knap gedaan	-Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief -Toon gepas en effektief -Enkele foute in grammatika en spelling -Goed gedaan	-Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk -Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele	-Taalgebruik onvoldoende -Weinig indien enige sinsverskeidenheid -Woordeskat baie beperk	
STRUKTUUR		5	4	3	2	0–1
Kenmerke van teks; Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie		-Uitstekende ontwikkeling van onderwerp -Uitsonderlike detail -Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer	-Logiese ontwikkeling van details -Samehangend -Sinne en paragrawe logies en toon variasie	-Relevante detail ontwikkel -Sinne en paragrawe goed gekonstrueer -Opstel maak nog sin	-Sommige punte geldig -Sinne en paragrawe foutief -Opstel maak nog effens sin	-Noodsaaklike punte ontbreek -Sinne en paragrawe foutief -Opstel maak nie sin nie
5 PUNTE						

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE TEKSTE – HUISTAAL [25 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT	13–15	10–12	7–9	4–6	0–3
Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks 15 PUNTE	-Respons uitsonderlik, bo verwagting -Idee intelligent en volwasse -Grondige kennis van kenmerke van die soort teks -Skryfwerk behou fokus -Samehang in inhoud en idees -Idee behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste en akkurate formaat	-Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks -Behou fokus – geen afwyking nie -Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste formaat met onbeduidende foute	-Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks -Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings -Redelike samehang in inhoud en idees -Sommige detail ondersteun die onderwerp -Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute	-Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks -Aanduiding van fokus, maar met afwykings -Inhoud en idees nie altyd samehangend nie -Min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas -Kritiese foute begaan	-Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie -Betekenis onduidelik met groot afwyking -Geen samehang in idees en inhoud nie -Baie min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat nie toegepas nie
TAAL, STYL & REDIGERING	9–10	7–8	5–6	3–4	0–2
Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks; Taalgebruik en konvensies; Woordkeuse; Punktuasie en spelling 10 PUNTE	-Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer -Feitlik foutloos	-Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer -Baie goeie woordeskat -Oorwegend foutloos	-Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks -Enkele grammatikafoute -Voldoende woordeskat -Foute belemmer nie betekenis nie	-Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika onakkuraat met etlike foute -Basiese woordeskat -Betekenis belemmer	-Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie -Besaaie met foute en verward -Woordeskat nie geskik vir doel nie -Betekenis ernstig belemmer

AFRIKAANS HOME LANGUAGE P3

2019

QUESTION PAPER



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

NOVEMBER 2019

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Opstel (50)
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. gebruik 'n breinkaart/diagram/vloeydiagram/kernwoorde), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

AFDELING A: ongeveer 80 minute
AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 400–450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

- 1.1 Die vreemdeling op die dorp [50]
- 1.2 **Totsiens, matriek! Dagsê, lewe!** [50]
- 1.3 **Suid-Afrika se grootste bate is die wonderlike mense wat hier woon.** [50]
- 1.4 "Nee, Ma/Pa, ek is mos nou dárem nie meer 'n kindjie van ses jaar nie!" [50]
- 1.5 Geluk is soos 'n skoenlapper – terwyl jy dit rondjaag, bly dit buite jou bereik. As jy dit egter nie pla nie, kom sit dit dalk vanself op jou skouer. [50]
- 1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6.1, 1.6.2 OF 1.6.3) en jou eie titel neer.

1.6.1

[Bron: <http://thewritepractice.com>]

[50]

1.6.2

[Bron: <http://www.notiactual.com/>]**[50]**

1.6.3

[Bron: <http://nenuno.co.uk/design/50-mandala-tattoo-design-ideas>]**[50]****TOTAAL AFDELING A:****50**

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

'n Geliefde familielid vier 'n belangrike gebeurtenis tydens 'n naweek waartydens jy reeds ander verpligtinge het.

Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan hom/haar waarin jy verskoning maak deur redes aan te voer waarom dit nie vir jou moontlik sal wees om die gebeurtenis by te woon nie.

[25]**2.2 FORMELE BRIEF: DANKIESË-BRIEF**

Julle matriekklas het gevoel dat julle ekstra motivering voor die aanvang van die eindeksamen nodig het en het daarom 'n motiveringspreker genooi om julle toe te spreek.

Skryf 'n DANKIESË-BRIEF om julle waardering vir die praatjie uit te spreek en sê ook watter waarde sy/haar boodskap vir julle ingehou het.

[25]**2.3 HULDEBLYK**

'n Oudleerder het onlangs nasionale kleure in 'n sportsoort ontvang.

Skryf 'n HULDEBLYK oor hierdie persoon wat jy tydens 'n spesiale skoolfunksie gaan lewer.

[25]

2.4 DEKBRIEF

Jy besluit om na aanleiding van die advertensie hieronder by die Laerskool Ligbron om die geadverteerde pos aansoek te doen.

Laerskool Ligbron
Kruisfontein

Beskik oor 'n vakature vir 'n **kultuurassistent** vir 2020

- **Pligte:** Afrigter: Junior debatspanne
Medeorganiseerder: Musiekfees
Hulpregisseur: Skoolkonsert (graad 7-groep)
- **Vereistes:** Voornemende onderwysstudent
Bewese prestasies op kultuurgebied

Stuur jou CV en dekbrieff aan:

Die Hoof
Laerskool Ligbron
Posbus 1876
Kruisfontein
3436

Jy het reeds jou CV volledig opgestel. Skryf nou slegs die DEKBRIEF wat saam met jou CV as aansoek na die skool gestuur moet word.

[25]

2.5 KOERANTBERIG

Julle skool het vanjaar die wenner in die jaarlikse Matrikulant van die jaar-kompetisie opgelewer.

Skryf 'n KOERANTBERIG vir die plaaslike koerant oor 'n prestigeaand waartydens die skool hierdie matrikulant op luisterryke wyse gelukgewens het.

[25]

2.6 INFORMELE TOESPRAAK

Jy maak deel uit van jou skool se bemarkingspan wat julle skool aan voornemende graad 8-leerders vir 2020 moet bekendstel.

Skryf die TOESPRAAK wat jy vir hulle in die skoolsaal gaan lewer.

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

AFRIKAANS HOME LANGUAGE P3

2019

MEMO



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

NOVEMBER 2019

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 100

Hierdie riglyne bestaan uit 12 bladsye.

ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE

NASIONALE NASIENSIMBOLE		
VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde		Hakies en pyltjie
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Taalfoute (ook spelfoute)	==	Dubbelstreep onder die taalfout
Paragraafindeling	[	Begin van 'n nuwe sin
Woord(keuse)-foute	X	Trek 'n X bo die verkeerde woord.
Erkenning van taaljuweeltjies	✓	Regmerkies bo goeie taalgebruik, idees of uitdrukkings
Onduidelik/Onverstaanbaar	∫ (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Punktuasie	o	Omkring

AFDELING A: OPSTEL

AFDELING A word volgens die rubriek uit 50 geassesseer. Die kandidaat mag slegs oor EEN onderwerp of prikkelskryf. Hy/sy mag enige soort opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

NASIENRIGLYNE

Dui aan die einde van die opstel die punte soos volg aan:

Voorbeeld:

Inhoud:	I = KH = 22
Taal, styl en redigering:	T = KL = 10
Struktuur:	S = K = 4
Skryf dan die totaal van die opstel aan die regterkant (onder die opstel).	36

Dra die punt uit 50 oor na die BEGIN van die opstel (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL

- **Inleiding:** Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekendgestel word. Dit behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.
- **Liggaam:** Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.
- **Slot:** Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van 'n verhalende, beskrywende en bespiegelende opstel vat die slot die opstel saam, terwyl 'n argumenterende en beredeneerde opstel se slot die skrywer se finale standpunt/mening weerspieël.

VRAAG 1**Riglyne**

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Die onderwerpe kan, waar van toepassing, letterlik of figuurlik geïnterpreteer word. Hierdie moontlikhede (onderstaande nasienriglyne) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, soos **byvoorbeeld**:

1.1 Die vreemdeling op die dorp

As 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat verhalend skryf oor die ongewone/vreemde besoeker op 'n dorp. In 'n **beskrywende** opstel kan die besoeker se emosies tydens sy/haar besoek aan die dorp of spesifieke gebeure wat daar plaasgevind het, in detail beskryf word. By 'n **bespiegelende** interpretasie kan die redes vir die besoeker se teenwoordigheid op die spesifieke dorp ondersoek word. Enige ander soort opstel moet op meriete beoordeel word.

[50]**1.2 Totsiens, matriek! Dagsê, lewe!**

Die kandidaat sal die opstel as 'n **verhalende** opstel kan aanbied indien hy/sy terugdink aan 'n spesifieke insident/persoon/spesifieke insidente/persones tydens sy/haar laaste skooldag/skooljaar. 'n **Beskrywende** opstel kan die emosies van 'n matrikant beskryf wat hom/haar op die vooraand van 'n onsekere grootmenslewe bevind. Die fokus kan op afskeid/groet aan die einde van die skoolloopbaan val en die opgewondenheid oor die nuwe fase in die kandidaat se lewe. 'n **Bespiegelende** interpretasie van die onderwerp kan die moontlike uitdagings aanspreek wat (huidige) skoolverlaters in die gesig staar. Indien die kandidaat argumente aanvoer of skoolopvoeding matrikulante doeltreffend al dan nie vir die grootmenslewe voorberei, kan so 'n skryfstuk as 'n **argumenterende** opstel aanvaar word. Enige ander soort opstel moet op meriete beoordeel word.

[50]**1.3 Suid-Afrika se grootste bate is die wonderlike mense wat hier woon.**

Sou hierdie skryfstuk 'n verhaal vertel waarin Suid-Afrikaners mekaar op unieke wyses ondersteun/gehelp het, kan dit as 'n **verhalende** opstel aanvaar word. Eiesoortige/diverse eienskappe van verskillende kultuurgroepe in die Suid-Afrikaanse samelewing kan in die inhoud van 'n **beskrywende** opstel uiteengesit word, terwyl 'n **bespiegelende** opstel byvoorbeeld kan besin oor redes waarom Suid-Afrika se mense juis die land se grootste bate is. In 'n **beredeneerde** opstel kan die kandidaat moontlik beredeneer of mense Suid-Afrika se grootste bate is en of daar nie waarskynlik ander bates is wat belangriker is nie. Enige ander soort opstel moet op meriete beoordeel word.

[50]**1.4 “Nee, Ma/Pa, ek is mos nou dárem nie meer 'n kindjie van ses jaar nie!”**

In 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat die gebeure wat tot hierdie stelling gelei het, aanbied. Die emosies wat die kandidaat rondom die onbillike/onregverdige optrede deur ouers beleef, kan in 'n **beskrywende** opstel verwoord word. Die kandidaat kan in 'n **bespiegelende** opstel wonder oor wanneer ouers die besluit moet neem om kinders se onafhanklikheid te begin respekteer, terwyl 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel byvoorbeeld redes kan aanvoer waarom dit belangrik is dat kinders toegelaat moet word om hulle eie besluite te neem.

[50]

1.5 Geluk is soos 'n skoenlapper ...

Die kandidaat kan 'n **verhalende** opstel oor hierdie onderwerp skryf waarin 'n storie vertel word van hoe iemand uiteindelik ontwykende geluk gevind het toe hy/sy dit nie meer probeer najaag het nie. Die gewaarwording van 'n persoon wat tevergeefs na geluk/voorspoed soek, kan as 'n **beskrywende** opstel aanvaar word. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat besin oor die redes waarom mense so naastiglik na geluk soek, terwyl 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel argumente kan aanvoer waarom die najaag van geluk waarskynlik nie altyd suksesvol/bevredigend sal verloop nie.

[50]**1.6.1 Fiets**

Indien hierdie prikkel as 'n **verhalende** opstel geïnterpreteer word, sou 'n kandidaat byvoorbeeld vertel van 'n insident/insidente waar 'n fiets/fietse sy/haar lewe beïnvloed het. In 'n **beskrywende** opstel kan 'n kandidaat beskrywings gee van 'n fietstoer wat hy/sy meegemaak het, terwyl 'n **bespiegelende** opstel oor die waarde van fietse as vervoermiddel kan handel. Die voor- en nadele van fietse as vervoermiddels in die moderne era is kwessies wat waarskynlik in 'n **argumenterend/beredeneerde** opstel aangespreek kan word.

[50]**1.6.2 Appel in spieël**

Hierdie prikkel kan hom tot 'n **verhalende** opstel leen indien 'n kandidaat byvoorbeeld die storie vertel hoe iemand se selfbeeld/lewe drasties as gevolg van 'n spesifieke insident/insidente verander/verbeter het. In 'n **bespiegelende** opstel kan 'n kandidaat besin oor die redes waarom mense hulleself minderwaardig ag terwyl hulle eintlik oor genoeg potensiaal beskik om bo hulle omstandighede uit te styg/nie rede tot minderwaardigheid het nie. Hierdie prikkel kan hom ook tot 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel leen sou 'n kandidaat oor die belangrikheid van 'n gesonde selfbeeld wou argumenteer/redeneer. Enige ander soort opstel moet op meriete beoordeel word.

[50]**1.6.3 Tatoeëermerke**

In 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat oor 'n spesifieke situasie skryf wat daartoe aanleiding gegee het dat hy/sy/iemand besluit het om 'n tatoeëermerk te laat aanbring. 'n **Beskrywende** interpretasie kan op die verskillende patrone/vorms konsentreer wat tatoeëermerke kan aanneem, terwyl 'n besinning oor die implisiete boodskappe wat soms aan tatoeëermerke geheg word as 'n **bespiegelende** opstel aanvaar kan word. In 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel kan die kandidaat die waarde van tatoeëermerke as kuns beredeneer/argumenteer.

[50]

SOORTE OPSTELLE:**VERHALENDE OPSTEL**

Dit is 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(-se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit handel oor iets wat gebeur het en vertel word ('n storie of gebeurtenis).
- 'n Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, dit oortuig en ontwikkel logies, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- 'n Treffende inleiding wat die leser boei, word aangebied.
- 'n Verrassende slot rond die inhoud af.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Dit gebruik gewoonlik die verlede tyd.

BESKRYWENDE OPSTEL

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

Hou die volgende in gedagte:

- Waarnemings met al vyf sintuie en 'n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, 'n eie beleving en sinvolheid geniet aandag (dit is meer as net die opnoem van waarnemings).
- Tekste kan varieer van meer realisties tot 'n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word oorspronklik aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Beskrywing het atmosfeer en stemming ten doel: dit word gedoen deur die konnotasie en nie die denotasie van woorde nie.
- Stylfigure kan gebruik word.

BEREDENEERDE OPSTEL

Dis objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van 'n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot 'n spesifieke gevolgtrekking aan die einde van die opstel kom, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed wees in die ontwikkeling van die opstel.

Hou die volgende in gedagte:

- Die opstel handel oor 'n onderwerp waaroor standpunt, alreeds tydens die inleiding, ingeneem word.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- Dit bevat goed gemotiveerde en ondersteunende stellings.
- 'n Gevolgtrekking word in die slotparagraaf, wat aansluit by die inleiding, gemaak. Die slot gee 'n sterk aanduiding van die skrywer se mening.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Hoewel objektief, kan die skrywer ook persoonlik raak.

BESPIEGELEND OPSTEL

Die skrywer oorweeg/deurdink 'n idee/lewenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Dit bespiegel oor 'n droom of wense/moontlikhede.

Hou die volgende in gedagte:

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink: verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- Dis persoonlik van aard.
- Daar is 'n definitiewe struktuur, maar 'n gevolgtrekking is nie nodig nie.
- Dit hoef nie 'n gebalanseerde bespreking te bied nie – dit kan humoristies of ernstig geskryf word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

ARGUMENTERENDE OPSTEL

Die skrywer het 'n spesifieke mening en argumenteer daarvoor om sy/haar standpunt te motiveer.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit is subjektief en definitiewe menings moet gestel word.
- 'n Eie mening word op 'n baie oorspronklike en treffende manier gegee.
- 'n Reeks argumente om perspektief te motiveer, word gegee.
- Verdediging of aanval van 'n saak word enduit volgehou.
- 'n Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke kan gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel is, maar nie kru taal nie, kan gebruik word.
- Daar moet 'n duidelike en oortuigende slot wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

AFDELING B word volgens die rubriek uit 25 geassesseer. Slegs TWEE tekste word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

NASIENRIGLYNE

Dui aan die einde van die skryfstuk die punte soos volg aan:

Voorbeeld:

Inhoud, beplanning en formaat:

I = K = 10

Taal, styl en redigering:

T = G = 6

Skryf dan die totaal van die skryfstuk aan die regterkant (onder die teks).

16

Dra die punt uit 25 oor na die BEGIN van die skryfstuk (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf skryfstukke van 180–200 woorde elk.

2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Die kandidaat skryf 'n vriendskaplike brief aan 'n familielid om verskoning aan te bied waarom hy/sy nie 'n belangrike gebeurtenis kan bywoon nie.

Hou in gedagte:

- Gebruik informele taal, register en styl.
- Skryf in beskrywende, maar eenvoudige taal.
- Skryf logies en volgens 'n spesifieke doel.
- Daar moet 'n inleiding, liggaam en slot wees.
- Die adres en die datum moet boaan verskyn.
- Na die skrywer se adres volg 'n informele aanhef.
- Sluit die brief informeel/semiformeel af, gevolg deur die skrywer se naam.

[25]

2.2 FORMELE BRIEF: DANKIESÊ-BRIEF

Die brief fokus op die waardering wat die matriekklas uitspreek teenoor die motiveringspreker asook die waarde wat sy/haar boodskap vir die groep ingehou het.

Hou in gedagte:

- Die formaat is formeel.
- Daar moet twee adresse, 'n aanhef, 'n inhoudsopskrif en 'n gepaste afsluiting wees.
- In die inhoud moet daar 'n duidelike aanduiding wees van die waardering wat die groep uitspreek asook 'n uiteensetting van die mate waartoe die boodskap die groep gemotiveer het.
- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar in 'n formele register.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer se titel, voorletters en van moet gegee word.

[25]

2.3 HULDEBLYK

Die inhoud konsentreer op die prestasie van 'n oudleerder waarvoor hy/sy deur middel van 'n huldeblyk erkenning van sy/haar skool ontvang.

Hou in gedagte:

- By hierdie huldeblyk moet die korrekte teikengehoor formeel gegroet word: Geagte skoolhoof, personeel en ...
- Die styl moet by die geleentheid en die gehoor pas.
- Skryf weldeurdatge idees en vermy clichés.
- Gebruik kort sinne met eenvoudige idees en bekende voorbeelde.
- Die inleiding moet die gehoor se aandag prikkel.
- Die inhoud van die toespraak moet in paragrawe aangebied word.
- Die slot moet die gehoor tot nadenke stem.

[25]

2.4 DEKBRIEF

Die dekbrieffokus op die kandidaat se aansoek om die geadverteerde pos as kultuurassistent by die laerskool.

Hou in gedagte:

- Die relevante inligting in die dekbrieff/aansoekbrief behoort uit die advertensie afgelei te word, maar die kandidaat mag ook ander relevante inligting insluit.
- Die formaat van die dekbrieff/aansoekbrief moet korrek wees: die adres van sender, aanhef, onderwerpsin, paragrawe en afsluiting.
- Die adres van die sender kom regs, boaan, in blokvorm.
- Die datum word vol uitgeskryf.
- Die vorm van die dekbrieff moet aan al die vereistes van 'n formele brieff voldoen.
- Die brieff word deur die aansoeker onderteken; die aansoeker se voorletter en van kan onder die handtekening geskryf word.

[25]

2.5 KOERANTBERIG

Die koerantberig fokus op die geleentheid én die matrikulant/persoon wat tydens die Matrikulant-van-die-jaar-kompetisie gelukgewens word.

Hou in gedagte:

- Dink na oor 'n titel, inleiding (agtergrond, doel en omvang), die inhoudsgedeelte (Wie? Hoekom? Waar? Wanneer? Wat? Hoe?), samevatting/slot.
- Beplan, versamel en organiseer inligting; skryf oor feite.
- Gebruik semiformele of formele taal, register en styl.
- Die kandidaat kan gebruik maak van:
 - teenwoordige tyd;
 - selfstandige naamwoorde
 - die derde persoon;
 - feitelike beskrywing;
 - tegniese woorde en frases; en
 - formele, onpersoonlike taal

[25]

2.6 INFORMELE TOESPRAAK

Die toespraak handel oor die redes waarom voornemende graad 8-leerders 'n keuse ten opsigte van die spreker se skool moet maak.

Hou in gedagte:

- By hierdie toespraak moet die gehoor op 'n gepaste wyse gegroet word:
Beste graad 7's ...
- Die styl moet by die geleentheid en die gehoor pas.
- Skryf weldeurdatte idees en vermy clichés.
- Gebruik kort sinne met eenvoudige idees en bekende voorbeelde.
- Die inleiding moet die gehoor se aandag prikkel.
- Die inhoud van die toespraak moet in paragrawe aangebied word.
- Die slot moet die gehoor tot nadenke stem.

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

LET WEL:

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings in 'n hoë- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL [50 PUNTE]

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD & BEPLANNING (Respons en idees) Organisering van idees vir beplanning; Bewustheid van doel, gehoor en konteks 30 PUNTE	Hoë vlak	28–30	22–24	16–18	10–12	4–6
		-Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting -Idee is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke -Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons baie goed; getuig van vaardigheid -Idee heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid -Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend -Idee redelik samehangend en oortuigend -Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Wisselvallige samehang in respons -Idee onduidelik, nie oorspronklik nie -Min bewys van organisasie en samehang	-Respons heeltemal irrelevant -Idee deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie -Vaag en herhalend -Geen organisasie nie en is onsamehangend
	Lae vlak	25–27	19–21	13–15	7–9	0–3
		-Respons uitmuntend, maar uitsonderlik treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek -Idee intelligent en volwasse -Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons goed; getuig van vaardigheid -Idee relevant, interessant -Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid -Idee redelik samehangend en oortuigend -'n Mate van organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons is grootliks irrelevant. -Idee begin los staan en kan verwarrend wees -Skaars 'n bewys van organisasie en samehang	-Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie -Heeltemal irrelevant en ontoepaslik -Deurmekaar en geen fokus nie

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL [50 PUNTE] (vervolg)

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
TAAL, STYL & REDIGERING		14–15	11–12	8–9	5–6	0–3
Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks; Woordkeuse; Taalgebruik en konvensies, puntuasie, grammatika, spelling 15 PUNTE	Hoë vlak	-Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend -Toon retories treffend en effektief -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Knap gedaan	-Toon, styl, register en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik effektief en 'n deurlopende gepaste toon word gebruik -Grammatika en spelling grootliks foutvry -Baie goed gedaan	-Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks -Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra -Toon is gepas -Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk	- Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik baie basies -Toon en woordkeuse skaars toepaslik -Baie beperkte woordeskat	-Taal onverstaanbaar --Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie -Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak
	Lae vlak	13 -Taalgebruik uitstekend en toon is retories effektief -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Baie goed tot knap gedaan	10 -Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief -Toon gepas en effektief -Enkele foute in grammatika en spelling -Goed gedaan	7 -Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk -Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele	4 -Taalgebruik onvoldoende -Weinig indien enige sinsverskeidenheid -Woordeskat baie beperk	
STRUKTUUR		5	4	3	2	0–1
Kenmerke van teks; Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie 5 PUNTE		-Uitstekende ontwikkeling van onderwerp -Uitsonderlike detail -Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer	-Logiese ontwikkeling van details -Samehangend -Sinne en paragrawe logies en toon variasie	-Relevante detail ontwikkel -Sinne en paragrawe goed gekonstrueer -Opstel maak nog sin	-Sommige punte geldig -Sinne en paragrawe foutief -Opstel maak nog effens sin	-Noodsaaklike punte ontbreek -Sinne en paragrawe foutief -Opstel maak nie sin nie

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE TEKSTE – HUISTAAL [25 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT	13–15	10–12	7–9	4–6	0–3
Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks 15 PUNTE	-Respons uitsonderlik, bo verwagting -Idee intelligent en volwasse -Grondige kennis van kenmerke van die soort teks -Skryfwerk behou fokus -Samehang in inhoud en idees -Idee behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste en akkurate formaat	-Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks -Behou fokus – geen afwyking nie -Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste formaat met onbeduidende foute	-Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks -Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings -Redelike samehang in inhoud en idees -Sommige detail ondersteun die onderwerp -Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute	-Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks -Aanduiding van fokus, maar met afwykings -Inhoud en idees nie altyd samehangend nie -Min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas -Kritiese foute begaan	-Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie -Betekenis onduidelik met groot afwyking -Geen samehang in idees en inhoud nie -Baie min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat nie toegepas nie
TAAL, STYL & REDIGERING	9–10	7–8	5–6	3–4	0–2
Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks; Taalgebruik en konvensies; Woordkeuse; Punktuasie en spelling 10 PUNTE	-Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer -Feitlik foutloos	-Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer -Baie goeie woordeskat -Oorwegend foutloos	-Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks -Enkele grammatikafoute -Voldoende woordeskat -Foute belemmer nie betekenis nie	-Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika onakkuraat met etlike foute -Basiese woordeskat -Betekenis belemmer	-Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie -Besaa met foute en verward -Woordeskat nie geskik vir doel nie -Betekenis ernstig belemmer